# 429 Son van my siel, my liewe Heer




Heer, as die slaap in stille nag,
my oë kus, soos dou so sag,
laat dié gedagte my nog sus:
Hoe soet, om eens by U te rus!

Was U nie met my, vroeg en laat,
wat sou my dan die lewe baat?
Heer, bly gedurig aan my sy,
help my steeds waak en bid en stry!

Dink ook aan hul wat tans nog swerf;
hou ook hul siel weg van verderf!
Al het hul lank u stem verag,
trek hul deur u genademag!

As ons dan môre vroeg ontwaak,
wil ons opnuut gewillig maak,
om hier ons kruis te dra met lus,
tot ons by U eens ewig rus!

John Keble (1792-1866) Gardiner’s Sacred Melodies (1812)